

28 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 4 en 5 (OAV)
Fokusgedeelte: Genesis 4:1-15; 5:21-24

Die heerskappy van die dood deurbreek

Die geslagsregister van Gen 5 bevestig die oordeel van die Here oor die sonde. Hy het gesê: “*Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer*” (3:19b OAV). Só het die dood ‘n werklikheid geword. Kaïn se jaloesie kry die oorhand en hy slaan sy broer dood. Die stryd tussen lewe en dood het begin. Sonde verwoes die liefde tussen mense en bedreig die kosbare gawe van lewe wat God aan die mens gegee het. Voortaan sal die mens nie net teen die natuur moet stry om te oorlewe nie. Hy moet ook teen homself en sy medemens stry om die lewe te behou.

Dit lyk na ‘n verlore stryd. In Gen 5 hoor ons elke keer: “*...en hy het gesterwe*”. Die dood oorwin telkens, totdat ons van Henog lees: “*En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem*” (5:24 OAV). In Henog is die heerskappy van die dood deurbreek. Die Here gee die vooruitsig van ‘n oop graf. Van Henog af kyk ons oor die eeue na ‘n klip wat eenkant toe weggerol is. Die graf is oop en Hy wat daarin was, lewe.

Alles loop nog in hierdie lewe op die dood uit, maar nou is die dood nie die einde van die lewe nie. Die dood is oorwin. Die siklus van lewe en sterwe het ‘n siklus van lewe en sterwe én LEWE geword, want Henog is weggeneem en Christus het opgestaan. Deur die geloof in Hom lewe ons nou en vir ewig.

Sing: Psalm 89:17

Ds AP Krüger (Postmasburg)